**Vrydag 27 September**

| Skrifgedeelte: Openbaring 2; 1 Tessalonisense 4:13-18 | Fokusgedeelte: Openbaring 2:10, 11 |
|---|---|

## Ons het geen vrees vir die dood nie (2)

Die oomblik van ons dood is dit die finale oordeel van elke mens – en dan is ons ook by die laaste omdraaipunt van glo of nie glo nie, verby. Onmiddellik is ons op daardie oomblik óf in die hemel óf in die hel.

Hiervoor kyk ons na die gelykenis van die ryk man en Lasarus wat elkeen onmiddellik by hulle finale blyplek aangekom het. Dink ook aan wat die Here vir die rower langs Hom aan die kruis gesê het: *En Jesus antwoord hom: Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die paradys wees* (Luk. 23:43, 1953-vertaling).

Dis die eerste opstanding. Hierdie toestand duur solank as wat die aardse tyd aangaan. Die oomblik wanneer die Here kom, verander alles meteens. Die verandering en alles wat daarmee saamgaan, word aan ons geopenbaar in 1 Tessalonisense 4:16: *Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan* (1953-vertaling).

Wanneer die bevel gegee word en die stem van die aartsengel en die trompet van God weerklink, sal die Here self uit die hemel neerdaal. Allereers sal dié wat in Christus gesterf het, uit die dood opstaan.

Daar is niemand wat hierdie oomblik misloop nie. Die Here gaan 'n bevel gee dat alle dooies se liggame uit die grond, of waar hulle ook al is, moet opstaan en herskep word. Natuurlik word almal nie herskep om by die Here op die nuwe aarde te wees nie. Maar die belangrike punt is dat ons wat die Here Jesus Christus as Verlosser ken en aanbid, dan deur Hom in die heerlikste heerlikheid voor sy troon besorg word.

*Sing: Psalm 73-1:10*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*